MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GRAAD 12

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3

SEPTEMBER 2009

TYD: 2½ UUR **PUNTE: 100**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Kies en beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING in hierdie vraestel.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

AFDELING A: Opstel	(50 punte)
AFDELING B: Langer transaksionele tekste	(30 punte)
AFDELING C: Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste	(20 punte)

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek.

4. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Skryf netjies en leesbaar.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. By elke vraag moet bewys wees dat jy die skryfstuk beplan het. Doen dit soos volg:

Beplanning op linkerkant van eksamenboek.	Finale weergawe op regterkant van eksamenboek.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n opstel van ongeveer 250-300 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse daarvan moet in die eksamenboek wees.
- Dui jou finale produk met die volgende opskrif aan: VRAAG 1: FINAAL

1.1 Jou naam en foto het vandag op die VOORBLAD van 'n koerant verskyn.

- **Skryf 'n OPSTEL en vertel hoe dit gebeur het;**
- **Vertel ook wat jy gedoen het om in die koerant te verskyn.**



[50]

OF

1.2 Skryf 'n beskrywende opstel met die volgende titel:

Dit is ek!

Hoe sou jy jou aan 'n vreemdeling beskryf. Moenie net aandag aan jou uiterlike gee nie. Beskryf ook jou innerlike, drome en ideale. [50]

OF

1.3 **MAAK SO 'N EINDE AAN MISDAAD!**

Misdaad is besig om ons land en sy mense te vernietig. Daagliks hoor ons hiervan en dit is net asof niks verbeter nie; dit raak net al hoe erger.

Ons, die inwoners van hierdie wonderlike land, kan help om misdaad te verminder.

Skryf 'n argumenterende opstel oor bostaande onderwerp.

Dink aan die volgende:

- Wat is die rede vir al die misdaad in ons land?
- Wat kan ons in Suid-Afrika doen om misdaad uit te roei?
- Watter strawwe moet daar vir misdadigers wees? [50]

OF

1.4 Skryf 'n feitelike opstel oor onderstaande titel.

DWELMS

Dink aan die volgende:

- Die redes vir dwelmmisbruik.
- Die plekke waar dwelms gekoop kan word.
- Die gevare/gevolge van dwelmmisbruik. [50]

OF

1.5 Kies een van die prente en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitelik, betogend of bespiegelend wees.

[50]

1.5.1



Uit: *Image library*

OF

1.5.2



OF

1.5.3

Uit: *Image library*

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 120-150 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse daarvan moet in die eksamenboek wees.
- Dui jou finale produk met die volgende opskrif aan: VRAAG 2: FINAAL.

2.1 Skryf 'n FORMELE BEDANKINGSBRIEF aan die Suid-Afrikaanse sanger wat julle skool onlangs besoek het. [30]

OF

2.2 Jy het die volgende briefie van die voorsitter van die sportklub by die skool ontvang. Lees dit en stel dan die AGENDA van die vergadering op. Skryf daarna ook die NOTULE van die vergadering.

[30]

Thabo

Ek kon jou nie gedurende pouse kry nie en is saam met die sokkerspan na die wedstryd op Bethlehem. Sal jy asseblief die agenda vir die volgende vergadering op 10 Mei 2010 opstel. Onthou dat ons aandag moet gee aan die sportdag, die interskole teen Navalsig Hoërskool, die tenniswedstryd teen Mohapi Hoër en dat mnr. Brand ook met ons wil praat.
Groete.

Kobus. [30]

OF

2.3 Daar het 'n nuwe gesinsrestaurant op jou dorp oopgemaak en julle gesin het daar gaan eet.

Skryf nou 'n RESENSIE oor die restaurant wat in die dorpskoerant gaan verskyn.

Gee aandag aan:

- Voorkoms van die restaurant.
- Spyskaart van die restaurant.
- Atmosfeer van die restaurant..
- Bediening van die restaurant..
- Kos van die restaurant..
- Pryse van die restaurant..
- Aanbeveling oor die restaurant. [30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 80-100 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse daarvan moet in die eksamenboek wees.
- Dui jou finale produk met die volgende opskrif aan: VRAAG 3: FINAAL.

3.1 Skryf die WENKE wat jy vir iemand sal gee om veilig in Suid-Afrika te reis, neer. [20]

OF

3.2 VERSLAG:

Julle skool het 'n baie geslaagde matriekafskeid gehad. Die Skoolkoerant het jou gevra om 'n verslag oor die geselligheid in Afrikaans te skryf.

Skryf nou jou VERSLAG vir Die Skoolkoerant.

ÓF

3.3 DAGBOEKINSKRYWING:

Drie dae lank loop jy al met jou swak skoolrapport in jou sak, maar kan net nie die moed kry om dit vir jou ouers te wys nie. Die regte oomblik breek nie aan nie en die spanning in jou laai op.

Doen jou DAGBOEKINSKRYWING vir hierdie drie dae.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100